Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 11/2019 **23 Oktober 2019**

Geagte Ouers

Baie geluk aan al die Daggies se mooi prestasies op sport-, kultuur- en akademiese gebied. Ons is trots op julle en is ook dankbaar vir die ondersteuning en geleenthede wat julle aangegryp het.

Baie sterkte aan al die Graad 7 leerders. 'n Nuwe fase van julle lewe lê voor. Ons wens elkeen van julle die beste toe. Baie dankie vir elke Graad 7 leerder se positiewe insette en u as ouers se ondersteuning tydens u kind se Laerskool loopbaan.

Ons wens almal 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2020 toe. Hoop dit is 'n heerlike vakansie.

Ons bring graag die volgende onder u aandag:

1. **Eksamen**
   Baie sterkte vir die eksamen. Ons vertrou dat die leerders baie hard sal leer.

2. **Uitteken van leerders**
   Leerders mag vroeër uitgeteken word vanaf Dinsdag, 5 November tot en met Vrydag, 15 November. Die volgende reëlings sal geld.

   Ter wille van orde, kan die Graad 4 leerders by hek 4 afgehaal word, Graad 5 leerders by hek 6 en Graad 6 en 7 leerders by hek 15, **SLEGS** tussen 10:00 en 10:30.

   Graad 1 – 3 leerders kan by hulle voogklasse uitgeteken word. Geen leerder sal die terrein verlaat saam met 'n maat sonder 'n toestemmingsbrief nie.

   Bogenoemde reëlings kan onmiddellik verander word, indien die bestuur so besluit.

3. **Getroue skoolbesoek**
   Die getroue skoolbesoek sertifikate sal bepaal word tot en met Vrydag, 15 November 2019.

4. **Skooltye**
Die skool sal vanaf Dinsdag, 5 November tot aan die einde van die jaar om 13:00 sluit.

5. **Rapporte**
Rapporte sal Woensdag, 4 Desember vanaf 07:30 tot 10:00 beskikbaar wees by u kind se voogonderwyser. Leerders wat nie al hul handboeke ingegee het nie of wie se handboek beskadig is, moet hulle rapporte by kamer nommer 36 afhaal.

Geen leerder se rapport sal voor 4 Desember aan ouers of leerders gegee word nie. Ons verstaan dat daar baie geldige redes is waarom ouers die rapporte vooraf wil hê, maar geen uitsondering sal gemaak word nie.

6. **Beplanning**
Op Donderdag, 5 Desember sal die personeel nie beskikbaar wees nie.

7. **Skool heropen**
Skole heropen op Woensdag, 15 Januarie 2020.

8. **Atletiek**
Uitdunne het reeds plaasgevind. Leerders wat gekies is om aan die Daggie Kampioenskappe deel te neem op Vrydag, 17 Januarie sal vroegtydig in kennis gestel word.

9. **Skoolfonds**
Baie dankie vir die skoolfonds wat getrou deur die jaar betaal is. Alle skoolfonds moet aan die einde van November ten volle betaal wees.

10. **Oudervergadering – Maandag, 28 Oktober**
'n Algemene Jaarvergadering is geskeduleer vir Maandag, 28 Oktober. Die vergadering begin om 18:00 in die skoolsaal. Ons doen 'n beroep op u om die vergadering by te woon. Daar moet 'n kworum ouers teenwoordig wees om die begroting vir 2020 goed te keur.

Leerders wie se ouers of voogde die vergadering bywoon, sal die volgende dag 'n roomys ontvang.

11. **Kruiwadag – 1 November**
Die kruiwadag is elke jaar vir die leerders 'n hoogtepunt. Baie dankie vir almal se inisiatief. Ons glo dit gaan 'n mooi dag wees.

12. **Toere en uitstappies**
Ons hoop dat almal dit baie sal geniet en sal leer. Baie dankie vir die opoffering van al die onderwysers wat die toere en uitstappies sal meemaak.

13. Prysuitdeling

Die prysuitdelingsaande vind soos volg plaas:

Graad 1 tot Graad 3 en LSOB – Woensdag, 6 November 2019

Graad 1: 17:00
Graad 2: 18:00
Graad 3: 19:00

Graad 4 tot Graad 7 – Donderdag, 7 November 2019

Graad 4: 16:30
Graad 5: 17:30
Graad 6: 18:30
Graad 7: 19:30

Die prysuitdeling sal in die skoolsaal plaasvind.

14. Handboeke

Die Departement van Onderwys lê baie klem op die inhandiging en "oppas" van handboeke. Alle leerders moet hulle handboeke ingee op die dag waarop die spesifieke vak se eksamenvraestel geskryf word. As die handboek weg is of deur die leerder verniel is, moet die leerder die handboek vervang.

U het 'n onderneming, met 'n pryslys van die vervangingswaarde van die handboeke, aan die begin van die jaar onderteken.

15. Krieket

Baie geluk aan al die krieketspanne wat almal in die krieket-finale gespeel het van die Randwes Streek. Baie geluk aan die 2de span wat gesamentlik wenners van die trofee is.

16. Dissipline

Ons het al baie geskryf oor dissipline. "Laerskool Dagbreek" (ouers, onderwysers en leerders) sal volgende jaar moet besluit wat ons verstaan onder "goeie dissipline." As **almal** nie saamwerk nie, sal geen dissipline beleid effektief toegepas kan word nie.

Die afgelope maand is daar baie leerders deur medeleerders doodgemaak by ander skole. In al die gevalle was daar 'n leerder wat nie sy eie emosies kon beheer het nie. Swak dissipline kan geweldige gevolge hê. Daar is baie ouers wat hulle kinders net weghou as hulle strafklas moet sit. Ironies genoeg, is vân die ouers eerste by die skool as hulle voel hul kind is onregverdig behandel.

As ons aanhou kritiseer en nie ons samewerking gee nie, gaan die dissipline aanhou verswak.

Ons maak staat op u as ouers se ondersteuning in hierdie verband.

17. Belangrike datums

Maandag	28 Oktober	Algemene jaarvergadering – 18:00
Dinsdag	29 Oktober	Graad 2 toer
Woensdag	30 Oktober	Graad 2 toer Leerlingraad afsluiting
Vrydag	1 November	Kruiwadag
Dinsdag	5 November	Eksamen begin
Woensdag	6 November	Prysuitdeling – Graad 1 tot 3 en LSOB
Donderdag	7 November	Prysuitdeing – Graad 4 tot 7
Woensdag	13 November	Graad 1 uitstappie
Donderdag	14 November	Graad R gradeplegtigheid
Vrydag	15 November	Graad 3 uitstappie Afsluiting in die saal
Donderdag	21 November	Me. Suzette van Schalkwyk verjaar
Woensdag	4 Desember	Rapporte aan leerders
Maandag	16 Desember	Me. Julia Makgale verjaar
Dinsdag	24 Desember	Me. Stefni Moscos verjaar
Woensdag	25 Desember	Mnr. Johannes Makgale verjaar
Donderdag	2 Januarie	Me. Mia Troskie verjaar
Vrydag	3 Januarie	Mnr. Leander Carelsen verjaar
Maandag	6 Januarie	Mnr. Willie Carelsen verjaar
Woensdag	8 Januarie	Me. Antoinette du Plessis verjaar
Vrydag	10 Januarie	Mnr. Thabang Seekane verjaar
Woensdag	15 Januarie	Skool heropen

18. Gedagte van die week

Dit is tog die Here wat wysheid gee. Sy Woord gee kennis en insig. Hy beskerm hulle wat 'n reguit pad loop. Spreuke 2:6

Vriendelike groete

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof

Skeurstrokie (Omsendbrief 11/2019)

Vul asseblief die skeurstrokie in en stuur na u kind se voogonderwyser

Hiermee erken ek, _____ ouer/voog van _____ ontvangs van Omsendbrief 11/2019.

_____ _____

Handtekening van ouer/voog Datum